***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (37/23)***
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Paul Hardman namens Justin Chadwick 15 September 2023*

***"I guess I'm just feeling September-ish…" George Sheldon***

**CGA GROWER DEVELOPMENT CHAMBER (PAUL HARDMAN)**

Verlede week het ek die geleentheid gehad om by die Limpopo Departement van Landbou se Sitrusdag, wat by Mabunda Sitrusplaas gehou is, te praat. 'n Aantal dinge het vir my uitgestaan. Eerstens is die geleentheid baie goed deur swart produsente van regoor Limpopo-provinsie bygewoon, baie het etlike ure gereis om deel te neem. Ek skat dat meer as 150 produsente of voornemende produsente dit bygewoon het. Tweedens was ek verbaas oor hoe ver Mabunda Sitrusplaas is - sowat 'n uur se ry noord-oos van Letsitele, en naby die Krugerwildtuin. Dit is 'n moeilike land. Ek bewonder hierdie produsente omdat hulle die uitdagings van afstand en isolasie oorkom het en sitrus in 'n moeilike omgewing produseer. Dit is nie maklik nie. Dit is ook baie duidelik hoe hierdie besighede van goeie provinsiale en nasionale infrastruktuur afhanklik is om dit te maak.

Laastens is daar deur die oggendsessie na CGA se *VISION* 260 verwys, veral deur partye buite die CGA-strukture. Die projekte onder *Vision* 260 word duidelik op verskeie vlakke aangeneem as 'n raamwerk om die belangrikste kwessies wat alle dele van die bedryf in die gesig staar, aan te pak. *VISION* 50 (wat daarop gemik is om teen 2032, 50 miljoen kartonne van swart produsente uit te voer) was sentraal in wat op die dag bespreek is. In hierdie verband wys die ware syfers dat, terwyl vordering gemaak word om meer kartonne van swart produsente te verkry, volgehoue en seker inspanning vereis word om 50 miljoen kartonne teen 2032 te sien.

Vandag reis ek weer; hierdie keer om oë en ore in die CGA *Development Chamber* vergadering te wees. Die *Development Chamber* bestaan uit swart produsente uit die sitrusstreke, en is 'n toegewyde ruimte vir swart produsente-kwessies om geopper en verstaan te word. Dit lei CGA se denke oor transformasie en hoe om *Vision* 50 die beste te sien ontstaan.

***CITRUS SUSTAINABILITY FORUM* (CSF)**

Die volgende CSF vind op die 19de September 2023 om 09h00 tot 11h00 plaas. Die agenda dek weer 'n paar hoogs relevante onderwerpe. Die EU *Carbon Border Adjustment Mechanism* (CBAM) (d.w.s. "koolstofbelasting") sal tydens die sessie bespreek word. Die koste van oudits en voldoening sal bespreek word, saam met die komende skakeling met Britse en EU-kleinhandelaars om maniere te vind om hierdie bekommernisse aan te spreek. CGA sal ook verduidelik hoe om *Recommended Usage Restrictions for Plant Protection Products on Southern African Export Citrus*, wat deur CGA en CRI gepubliseer is, te interpreteer – dit is van kritieke belang dat produsente hierdie dokument korrek gebruik om voort te gaan om aan die MRL-vereistes van die invoerland te voldoen. Deurlopende aangeleenthede in die CSF *Issues Register* sal ook aangespreek word. Kontak asseblief vir Paula Bester om die virtuele vergaderingskakel te bekom (pb@cga.co.za).

***SITRUSBEMARKINGSFORUM* (CMF)**

Neem asseblief kennis dat die volgende CMF-vergadering op Donderdag, 28 September 2023 om 14h15 via ZOOM sal plaasvind. Kontak asseblief vir Portia Magwaza portia@cga.co.za om die skakel te kry.

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Einde van Week 36<br>Miljoen 15 kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2021 | 2022 | 2023 | 2022 | 2023 | 2023 | 2023 | 2022 |
| Pomelo's | 20.1 m | 16.5 m | 14.5 m | 14.5 m | 13.4 m | 14.4 m | 14.9 m | 16.7 m |
| Mandaryne | 29.2 m | 30.5 m | 36.3 m | 28.9 m | 35.1 m | 34.1 m | 37.4 m | 31.8 m |
| Suurlemoene | 30.2 m | 33.9 m | 35.2 m | 32.9 m | 35.2 m | 37.3 m | 35.5 m | 34.7 m |
| Nawels | 26.7 m | 26.7 m | 24.6 m | 25.4 m | 24.1 m | 25.3 m | 24.9 m | 27.8 m |
| Valencias | 44.6 m | 45.6 m | 46.0 m | 34.3 m | 36.6 m | 54.5 m | 48.5 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **150.8m** | **153.2m** | **156.6m** | **136.0 m** | **144.4 m** | **165.6 m** | **161.2 m** | **164.8 m** |